# Die Sierduif

**May/Mei 2025**

# The Fancy Pigeon

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe











*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

**SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING / SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION**

## Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper    Mr. Clive Druce

Mr. Stewart Patterson    Mnr. Wynand Wessels

Ds. Renier Lee    Mnr. Pierre le Roux

Ds. Hennie Hattingh

## Uitvoerende Komitee / Executive Committee

### Nasionale / National President

Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Sel: 082 426 8703 E-pos: tiaandebruin0@gmail.com

### Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)

Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com

### Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com

### National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

### National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,
E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

### Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

### Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

### Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative

Huidiglik vakant

## Streekverteenwoordigers / Region Representatives

**Noord-van-die-Vaal:** Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,
E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za

**Vrystaat:** Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,
E-pos: plakkers@wol.co.za

**Wes Kaap:** Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960
E-pos: thehaircorporation12@gmail.com

**Noord-Vrystaat:** Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,
E-pos: pietodendaal01@gmail.com

**Oostelik Streek:** At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,
E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

**Noord Kaap:** Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,
E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

**Oostelike Provinsie:** Pieter Els, 16 De La Fonteinstraat, Young Park, Gqeberha, 6001 Sel: 073 449 2312,
E-Pos: pieterels1958@gmail.com

**Suid Westelike Distrikte:** Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400
E-pos Amuller@capekarooint.com

**Wes-Transvaal:** Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,
E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

**KwaZulu-Natal:** Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,
E-Pos: duanesschwarz70.co.za

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Editors page / Redakteur se blad

**Indeks / Index**


| | |
|---|---|
| Algemene inligting van die SASV | 2 |
| Voorwoord - Christo Munnik | 3 |
| Noord-Vrystaat Streekskou - Hennie Hattingh | 4 |
| Blyk van waardering aan Hendriena Swanepoel - Seppie Esterhuysen | 11 |
| Noordkaap Sierduifskou - Leendert Snyman | 11 |
| Noordkaap bied Streekskou aan- Seppie Esterhuysen | 14 |
| Skoutyd - Seppie Esterhuysen | 15 |
| Scoreboard and rules | 18 |


**Verjaarsdae / Birthdays**

| | | |
|---|---|---|
| W042- | Gert Venter | 03-Jun |
| V057 - | Willem Nel | 03-Jun |
| B088 - | Sydney Nothnagel | 04-Jun |
| B015 - | Wikus van Niekerk | 05-Jun |
| H086 - | Quentin Oosthuyzen | 13-Jun |
| B080 - | Jaco Fick | 14-Jun |
| H003 - | Pierre le Roux | 15-Jun |
| H034 - | Jannievan der Heever | 17-Jun |
| K027 - | Danie Strydom | 17-Jun |
| C020 - | Christo Dippenaar | 20-Jun |
| N011 - | Sheldon Armstrong | 23-Jun |
| W081- | Wim van Rensburg | 25-Jun |

**Nuwe Lede**

Thomas Sindon B109

AHA Toys D068



## Voorwoord

***Christo Munnik***
***Nasionale***
***Beoordelaarsbeampte***


Die jaar 2024 het vir my baie probleme gehad met my siekte wat eintlik nou nog nie regtig uitgeklaar is nie, maar met my vriende en familie se gebede en hulp het ek deurgekom en kon ek weer lekker beoordeel in 2025.

Ek bedank al die streke wat die vertroue in my gehad het om as hoofbeoordelaar op te tree tydens hulle streekskoue. Die jaar het begin met KwaZulu-Natal se streekskou wat weer 'n groot oplewing getoon het met bykans 400 duiwe. Toe ek, Cora en Harry weg is uit KZN het ek daardie lede belowe dat ek hulle nooit alleen sou los om hulle skoue te reël nie.

Ek het regtig baie goeie duiwe gesien by al die streekskoue, waar ek kon sien dat die lede wat dalk nie SA's toe gaan nie hulle beste duiwe geskou het. Die enigste streek waar ek redelik gesukkel het was Noord-van-die-Vaal. Ek is seker hulle het hulle beter duiwe bietjie weggesteek omdat meer van hulle SA's toe gaan, net my eie opinie, nie sleg bedoel nie.

Die ander skoue se duiwe was baie mooi en goed versorg. Ek hoop regtig uit my hart uit dat die SA's 2025 ook 'n sukses sal wees, maar ek lees tussen die lyne die lede wil terug gaan Bloemfontein toe vir SA's.


SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub





**President: Bertie Wessels**
**e-mail: bertie_wessels@hotmail.com**
**Sel: 083 733 4191**

**Sekretaris: Ds Hennie Hattingh**
**e-mail: henniehattingh703@gmail.com**
**Sel: 082 923 3910**

*Prestigeskou* *Augustus 2024*

*3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad*





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Noord-Vrystaat Streekskou

Ds. Hennie Hattingh

"Noord-Vrystaat se streekskou is gehou op 3 Mei 2025 te Kroonstad. 33 vertoners ( 4 Junior en 29 Senior ) het 489 duiwe vertoon in 47 rasse. Die hoofbeoordelaar was Chris de Bruin en daar is ook van 10 ander rasbeoordelaars gebruik gemaak.

Vrydagaand voor die skou is 'n heerlike braai aangebied vir die wat dit kon bywoon. Die dames van die A.P. Kerk Kroonstad het gesorg vir die verversings wat deur Noord-Vrystaat gratis beskikbaar gestel is aan al die beoordelaars en die vertoners. Nardus Marais en 'n span helpers was verantwoordelik vir die opsit en versiering van die saal, ds Hennie en Rone Hattingh vir die admin en Piet Odendaal het gesorg dat alles ordelik verloop en die skou op verantwoordelike wyse bestuur.

Noord-Vrystaat se besondere dank aan vertoners wat van ver gekom het om die skou te ondersteun - veral dink ons aan lede uit Oostelike Streek, Kwa-Zulu Natal en Noord-Kaap. Ons ontvang julle graag weer 'n volgende keer."

### RASWENNERS

| RAS | VERTONER | BEOORDELAAR |
|---|---|---|
| Gros Mondain ( Jnr ) | Marí Wessels | Jan Labuschagné |
| King ( Jnr ) | Jaco Marais | Bertie Wessels |
| Mookee ( Jnr ) | Jaco Marais | Hennie Hattingh |
| Working Homer ( Jnr ) | Lance Bovey | Nico Bester |
| Modeneser ( Jnr ) | Leendert Snyman ( Jnr ) | Bertie Wessels |
| Brunner Pouter | DMR - Lofts | Gerhard van Aswegen |
| Norwich Cropper | Dirk Scholtz | Hennie Hattingh |
| Dutch Cropper | Jan Labuschagné | Christo Nel |
| Canaria Cropper | Nico Bester | Chris de Bruin |
| King | Hendrik Pelser | Nardus Marais |
| Gros Mondain | Marí Wessels | Jan Labuschagné |
| Runt | André Bruwer | Willie van Zyl |
| American Giant Runt | At van Jaarsveld | Christo Nel |
| Mookee | Ruben Kitching | Hennie Hattingh |
| Carrier | Derrick de Gouveia | Gerhard van Aswegen |
| Dragoon | Wesmar Boerdery ( Bertie ) | Chris de Bruin |
| Barb | Dirk Scholtz | Harry Munnik |
| African Toy | AHA-Toys | Christo Nel |
| English Trumpeter | Dries Cilliers | Bertie Wessels |
| Modena - Gazzi | Seppie Esterhuysen | Jan Labuschagné |
| Modena - Schietti | Seppie Esterhuysen | Jan Labuschagné |
| English C.L.L.F. Tumbler | Wesmar Boerdery ( Bertie ) | Chris de Bruin |
| Vienna Short Faced Tumbler | Derick de Gouveia | Christo Nel |
| Berlin Short Faced Tumbler | At van Jaarsveld | Chris de Bruin |
| Flying Tippler | John Mowat | Chris de Bruin |
| Portuguese Tumbler | Jaco Bester | Gerhard van Aswegen |
| Old German Owl | Nico Bester | Hennie Hattingh |
| African Owl | Nico Bester | Christo Nel |
| Italian Owl | Chris de Bruin | Nardus Marais |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

| | | |
|---|---|---|
| Chinese Owl | Dries Cilliers | Christo Nel |
| Birmingham Roller | Harry Munnik | Jan Labuschagné |
| SA Distance Roller | DMR - Lofts | At van Jaarsveld |
| German Beauty Homer | John Mowat | Nardus Marais |
| Working Homer | Dries Cilliers | Nico Bester |
| American Giant Homer | Piet Odendaal | Bertie Wessels |
| Parlour Tumbler - Single | Jaco Bester | Gerhard van Aswegen |
| Parlour Tumbler - Double | Jaco Bester | Gerhard van Aswegen |
| American Show Racer | P.B. Marais | Christo nel |
| Gimpel | Wesmar Boerdery ( Bertie ) | Chris de Bruin |
| Cauchois | Chris de Bruin | Bertie Wessels |
| Scandaroon | Helene Roodt | Chris de Bruin |
| Old Dutch Capuchine | Hennie Hattingh | Bertie Wessels |
| Modeneser | Hendrik Pelser | Bertie Wessels |
| Dutch High Flyer | Chris de Bruin | Bertie Wessels |
| Coburg Lark | Jaco Bester | Chris de Bruin |
| Swiss Mondain | At van Jaarsveld | Jan Labuschagné |
| Jakobyn | Helene Roodt | Christo Nel |
| Frillback | Helene Roodt | Gerhard van Aswegen |
| Indian Fantail | Derick de Gouveia | Harry Munnik |
| Egyptian Swift | Hannes Diedericks | Chris de Bruin |
| Franconian Shield | Chris de Bruin | Chris de Bruin |

## *Top Sewe*

**Hoofbeoordelaar** : Chris de Bruin

**JUNIORS**

| | | |
|---|---|---|
| Kampioenduif op skou | King | Jaco Marais |
| Reserwe Kampioenduif op skou | Modeneser | Leendert Snyman ( Jnr ) |

**SENIORS**

| | | |
|---|---|---|
| Kampioenduif op skou | Gros Mondain | Marí Wessels |
| 1’ste Reserwe | German Beauty Homer | John Mowat |
| 2’de Reserwe | Frillback | Helene Roodt |
| 3’de Reserwe | Old German Owl | Nico Bester |
| 4’de Reserwe | Modena - Schietti | Seppie Esterhuysen |
| 5’de Reserwe | Old Dutch Capuchine | Hennie Hattingh |
| 6’de Reserwe | Sjinese Uil | Dries Cilliers |
| Beste Jongduif op skou | Gros Moindain | Marí Wessels |

The south africa Modena Club

President: Johan Nel
Email: johan_nel@bat.com
Sel: 082 474 4088

Sekretaris: Dawie vd Heever
E-mail: dawievdh@telkomsa.net
Sel: 079 918 0433





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Marí Wessels ontvang haar toekennings vir die Kampioenduif en Beste Jongduif op skou.



Kampioenduif en Beste Jongduif op skou




1'ste Reserwe duif op skou




John Mowat ontvang sy pryse van Piet Odendaal



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Helene Roodt ontvang haar pryse van Piet Odendaal



2'de Reserwe duif op skou




3'de Reserwe duif op skou




Nico Bester ontvang sy pryse van Piet Odendaal



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229


Seppie Esterhuysen ontvang sy pryse van Piet Odendaal



4'de Reserwe duif op skou




5'de Reserwe duif op skou




Hennie Hattingh ontvang sy pryse van Piet Odendaal






**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

Dries Cilliers ontvang sy pryse van Piet Odendaal



6'de Reserwe duif op skou




Junior Kampioenduif op skou.




Jaco Marais ontvang sy toekennings vir die Junior Kampioenduif op skou.



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Leendert Snyman ( Jnr )

Junior Reserwe Kampioenduif op skou






Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub

President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidiglik vakant

Augustus 2024





**Uil & StrikduifKlub**

Spesialiteitsklub vir:


Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)

President : Shaun Smeda - 072 190 0345
Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496
leendert270@gmail.com

August 2024

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## Blyk van waardering aan Hendriena Swanepoel!!!

Seppie Esterhuysen


Die Swanepoels se eerste kennismaking met sierduiwe was in 1979 tydens 'n streekskou te Bloemfontein. Daardie namiddag gaan Hendriena huistoe met haar eerste duiwe, Sjinese uile, tot vandag toe nog haar gunsteling ras! Alles te danke aan Cora Munnik wat haar onmiddellik betrek het by die beoordeling en hantering van die Sjinese uile, ja dit was liefde met die eerste oogopslag!

Die Swanepoels was dadelik deel van die klomp Griekwaland-Wes lede te Kimberley. Frik en Sarie, Oom Thys en tannie Ria, Koos en Marietjie, Rudie Viviers en Klein-Chris, was 'n gedugte span! Hendriena het haarself pens-en-pootjies in die administrasie ingegrawe, sy kon 'n skou reël. Hierdie stokperdjie het Hendriena en haar kleindogter, Johandri, die land laat deurkruis. Kan jy glo, vergaderings het sy bygewoon en beoordeling gedoen met Johandri in die stootwaentjie.

In 2006 ontvang sy en Danie Visser saam hulle Nasionale Kleure, sy vir Administrasie en Danie vir Teling.

Hendriena was en is 'n steunpilaar in Griekwaland-Wes, nou Noordkaap. Haar leuse is altyd "Betyds." Met Hendriena aan die stuur van 'n skou het jy geweet alles loop seepglad, alles haarfyn beplan en hande wat kan raakvat!!

By die Noordkapenaars is Hendriena sinoniem met Sjinese uile, maar meer nog met die Noordkaap streek.



## Noordkaap Sierduifskou 26 April 2025

Leendert Snyman

Noordkaap Sierduifvereniging het op 26 April 2025 sy streekskou gehou te Upington skougronde. 2025 Was vir die Noordkaap `n baie geseënde jaar met 37 vertoners waarvan 5 junior vertoners was, 46 senior rasse en 11 junior rasse was geskou. `n Baie geseënde getal duiwe is ingeskryf wat nog die grootste getal inskrywings vir die Noordkaap streek is te Upington met baie goeie kwaliteit sowel as gesonde duiwe. Senior duiwe was 527 en junior inskrywings 44 wat `n totaal van 571 inskrywings gee.

Die Top presteerders vir die streekskou was deur Chris vd Walt aangewys en was as volg:

**Juniors:**

### Kampioen

**Lihan Geldenhuys**

Working Homer



**Reserwe Kampioen**

Lihan Geldenhuys
Portugeuse Tumbler



| | | |
|---|---|---|
| **2de Reserwe** | Jaco Marais | King |
| **3de Reserwe** | Lihan Geldenhuys | Old German Owl |
| **4de Reserwe** | Mari Wessels | Gros Mondain |
| **5de Reserwe** | Leendert Snyman jnr | American Giant Homer |
| **6de Reserwe** | Leendert Snyman jnr | Birmingham Roller |


*LW, Top 7 is aangewys by ons juniors om die belangstelling van ons juniors te prikkel, maar slegs die Kampioen en Reserwe Kampioen kwalifiseer vir punte vir nasionale klere.

**Seniors:**

### Kampioen en Beste Jongduif op skou

**Seppie Esterhuysen**

Modena –
Schietti marked




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## Reserwe Kampioen

**Phillip Lee**

Mookee



## 2de Reserwe

**Dawie van den Heever**

Gros Mondain



## 3de Reserwe

**Hein Hoffman**

King



## 4de Reserwe

**Dries Cilliers**

Birmingham Roller



## 5de Reserwe

**Frik Nel**

Old Dutch Capuchine



## 6de Reserwe

**Frikkie Mostert**

Indian Fantail



Noordkaap streek het ook saam met hulle streekskou `n Swaarrasskou geïnkorporeer. Die Swaarrasskou het bestaan uit die volgende rasse: American Giant Homer, American Giant Runt, Cauchois, Gros Mondain, King, Polish Lynx en Swiss Mondain, geen Strassers was vertoon nie. Dit was verteenwoordig deur 86 senior inskrywings en 9 junior inskrywings.

Die Top presteerders vir die swaarrasskou was ook deur Chris vd Walt aangewys en was as volg:

**Kampioen Snr**
Gros Mondain Dawie van den Heever
**Reserwe Kampioen Snr**
King Hein Hoffman
**2de Reserwe Snr**
American Giant Runt At van Jaarsveld
**Kampioen Jnr**
King Jaco Marais
**Reserwe Kampioen Jnr**
Gros Mondain Mari Wessels



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

***Hier volg die uitslae van die Noorkaap Sieduifvereniging streekskou 2025:***


*Beste Oud of Best Jonk **Raswenner

| Ras | Best Young | Best Old | Beoordelaar |
|---|---|---|---|
| Brunner Pouter | Chris vd Walt* | Chris vd Walt** | Nardus Marais |
| Holle Cropper | Kappies Lofts** | ------------------ | Elzaan Hamman |
| Canaria Cropper | Elzaan Hamman** | Elzaan Hamman* | Wikus v Niekerk |
| King | Hein Hoffman** | Hein Hoffman* | Bertie Wessels |
| Gros Mondain | Dawie vd Heever** | Dawie vd Heever* | Hein Hoffman |
| Runt | Andre Bruwer** | Andre Bruwer* | Bertie Wessels |
| American Giant Runt | ------------------ | At v Jaarsveld** | Bertie Wessels |
| Mookee | Phillip Lee** | Phillip Lee* | Nardus Marais |
| Carrier | ------------------ | Helene Roodt** | Wikus van Niekerk |
| Dragoon | Wesmar Boerd* | Wesmar Boerd** | Chris vd Walt |
| African Toy | AHA Toys** | AHA Toys* | Bertie Wessels |
| English Trumpeter | Dries Cilliers* | Dries Cilliers** | Chris vd Walt |
| German Double Crested Trumpeter | Andre Bruwer* | Andre Bruwer** | Chris vd Walt |
| Fantail | Andre Bruwer** | Frikkie Mostert* | Wikus v Niekerk |
| Modena – Gazzi | Labuschagne/Muller** | Dawie vd Heever* | Chris de Bruin |
| Modena – Schietti | Seppie Esterhuysen** | Seppie Esterhuysen* | Chris de Bruin |
| Eng L/FacedTumbler (Clean legged) | Wesmar Boerd* | Wesmar Boerd** | Wikus v Niekerk |
| Tumbler Helmet M/Faced (Crested) | Andre Bruwer* | Andre Bruwer** | Wikus v Niekerk |
| Vienna L/faced Tumbler (Cleanlegged) | Gordon Maree** | Andre Bruwer* | Wikus v Niekerk |
| Flying Tipler | Gordon Maree* | Gordon Maree | Wikus v Niekerk |
| Old Dutch Tumbler | Piet Kruger** | ------------------ | Wikus v Niekerk |
| Portuguese Tumbler | Gordon Maree** | Gordon Maree* | Wikus v Niekerk |
| Old German Owl | Lihan Geldenhuys* | Leendert Snyman** | Chris vd Walt |
| African Owl | ------------------ | Leendert Snyman** | Chris vd Walt |
| Italian Owl | Leendert Snyman* | Leendert Snyman** | Elzaan Hamman |
| Chinese Owl | Dries Cilliers** | Dries Cilliers* | Hein Hoffman |
| Birmingham Roller | Dries Cilliers** | At v Jaarsveld* | Jannie vd Heever |
| SA Distance Roller | Piet Kruger** | ------------------ | Bertie Wessels |
| German Beauty Homer | Hein Hoffman** | Hein Hoffman* | Nardus Marais |
| Working Homer | ------------------ | Dries Cilliers** | Nardus Marais |
| American Giant Homer | Piet Odendaal** | Piet Odendaal* | Bertie Wessels |
| Parlour Tumbler | Piet Kruger** | Piet Kruger* | Bertie Wessels |
| American Show Racer | Andries Roelofse* | Andries Roelofse** | Hein Hoffman |
| Polish Lynx | HPLynx** | HPLynx* | Chris vd Walt |
| Lahore | Johan Nel** | ------------------ | Bertie Wessels |
| Gimpel | Andre Bruwer** | ------------------ | Chris vd Walt |
| Cauchois | Chris de Bruin** | Chris de Bruin* | Bertie Wessels |
| Old Dutch Capuchine | Frik Nel* | Frik Nel** | Wikus van Niekerk |
| Dutch Highflyer | Chris de Bruin* | Chris de Bruin** | Chris vd Walt |
| Swiss Mondain | At v Jaarsveld* | At v Jaarsveld** | Wikus v Niekerk |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| Ras | Best Young | Best Old | Beoordelaar |
|---|---|---|---|
| Jacobin | Helene Roodt* | Frikkie Mostert** | Chris de Bruin |
| Frillback | Johan Nel* | Helene Roodt** | Wikus v Niekerk |
| Indian Fantail | Frikkie Mostert* | Frikkie Mostert** | Nardus Marais |
| AO F/Pigeon not Mentioned- | | | |
| Franconian | Chris de Bruin* | Chris de Bruin** | Chris vd Walt |
| King (Jnr) | Jaco Marais* | Jaco Marais** | Bertie Wessels |
| Gros Mondain (Jnr) | Mari Wessels** | ----------------- | Hein Hoffman |
| Mookee (Jnr) | Lihan Geldenhuys** | Lihan Geldenhuys* | Nardus Marais |
| Portuguese Tumbler (Jnr) | Lihan Geldenhuys** | ----------------- | Wikus v Niekerk |
| Old German Owl (Jnr) | Lihan Geldenhuys** | ----------------- | Chris vd Walt |
| Birmingham Roller (Jnr) | Leendert Snyman Jnr* | Leendert Snyman Jnr** | Jannie vd Heever |
| German Beauty Homer (Jnr) | Cullem Lee** | Cullem Lee* | Nardus Marais |
| Working Homer (Jnr) | ----------------- | Lihan Geldenhuys** | Nardus Marais |
| American Giant Homer (Jnr) | Leendert Snyman Jnr ** | ----------------- | Bertie Wessels |
| American Show Racer (Jnr) | Lihan Geldenhuys* | Lihan Geldenhuys** | Hein Hoffman |
| Modeneser (Jnr) | ----------------- | Leendert Snyman Jnr** | Bertie Wessels |



## Noordkaap bied streekskou aan!

Seppie Esterhuysen

2025 se streekskou lê op sy rug!! Ons streek was heel eerste in die ry vir streekskoue, duiwe wat nog nie klaar verveer het nie, sommige skouduiwe was pas uit die broeihok, dis nie koud nie ook nie warm nie, is die vertoners al in die "mood" vir skou, was van ons uitdagings!! Al wat jy kan doen is om jou skou te adverteer, uitnodigings op alle sosiale platvorms, maar ook persoonlike uitnodigings aan gereelde en moontlike nuwe vertoners.

Op 26 April 2025 skop ons af in Upington op die skougronde, lekker ruim saal, mooi skoon vloer, alle geriewe wat jy nodig het. Ons skou het gegroei vanaf 2018 met 'n skamele opkoms van 6 vertoners met 153 duiwe wat 13 rasse verteenwoordig tot 37 vertoners wat 571 duiwe geskou het wat 47 rasse verteenwoordig in 2025!!. Ons grootste streekskou ooit!!

Met ouderdom speel jy nie, meer tyd vir myself toegelaat om die skou op te sit, ek is kalm en ek geniet dit meer!!! Vrydagaand het ons ons gaste en vertoners getrakteer op 'n lekker braai. Ek glo almal was toe ingestel op Saterdag se kompetisie.

Saterdag was die vertoners vroegdag by hul duiwe, dit "spoeg-en-polish". Hulle verseker my dit help!

Ds Melt open ons skou, beoordelaars ontvang hul lyste daarna was dit net vasbyt en vorentoe beur!!!. Behalwe ons gewone streekskou het ons die jaar die kollig op die swaarras duiwe laat val. Dit verteenwoordig 9 rasse nl Runts, Gross Mondains, American Giant Homers, American Giant Runts, Strassers, Polish Lynx, Swiss Mondains, Kings en Cauchois. 'n Top 3 is vir die raswenners vir die senior telers en 'n Top 2 vir die junior telers aangewys. Alle raswenners in beide die senior en junior groepe het dan ook deelgeneem aan die streekskou se Top 7 kompetisie vir die seniors en Top 3 vir die juniors.

Ons looitjie-projek het gegroei, Diedie het sy hande vol gehad met al die items ontvang vir daardie geskenkpakke. Daar was die wenkissie en nog 4 geskenksakke met die lekkerste plaaslike items

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

soos konfyte, ingelegde vrugte, bladjang, rosyne, dadels, beskuit, neute en nog vele meer. Ons wenners vir die 4 geskenksakke was, Piet Kruger, Igna Cilliers, André Bruwer, Leendert Snyman en Andries Roelofse met die wenkissie!!


Ons duiwe-veiling het gegroei, ons aanbieding het verbeter, dit sal 'n permanente item op ons skou wees!!! Dankie vir elke lid se bydrae tov duiwe geskenk!! Dankie aan Gert en Natasja Smuts wat ons skoukatalogus opgestel het en Gordon en Anna-Liza wat die veiling aangebied het.

Groot dank aan ons Hoofbeoordelaar Chris vd Walt, 2 senior beoordelaars Chris de Bruin en Wikus van Niekerk en 5 junior beoordelaars Bertie Wessels, Nardus Marais, Hein Hoffman, Elzaan Hamman en Jannie vd Heever. Dankie vir jul groot taak, ons HET julle nodig!!

'n Spesiale dankie aan ons lede se vrouens vir hul hulp en ondersteuning tydens ons skou, ons waardeer julle!

Elke lid van Noordkaap wat direk of indirek gehelp het om van ons skou 'n sukses te maak, 'n groot dankie!! Sonder sulke toegewyde lede kan jy maar los, dan is skou nie meer lekker nie!

**Laastens 'n spesiale dankie aan al ons buite-vertoners, julle verhoog ons getal vertoners, getal inskrywings en getal rasse en lig die standaard van ons aanbieding, DANKIE!!**



## *Skoutyd*

Seppie Esterhuysen

Ons sierduiftelers se "wedvlugseisoen" begin skoutyd. Teen daardie tyd moet alles alreeds in plek wees. Met wedvlugduiwe moet die genetika, gereelde oefening, voeding, medikasie, byvoegings en natuurlik passie vir wat jy doen 100 % wees. Die duif moet in top kondisie tov bogenoemde wees!!! Die eienaar kan alles reg doen, maar die dag met die wedvlug is die duif op sy eie!! By sierduiwe is dit ietwat anders, ja, genetika, voeding, medikasie, byvoegings en passie van die eienaar moet in plek wees, maar hier moet die duif afgerig wees, in sy skouhok, om te "pose" met beoordeling tydens die skou. Die duif is ook alleen met beoordeling, maar die beoordelaar moet besluit hoe na aan die standaard van die ras is die spesifieke duif!!

Om te skou is nie goedkoop nie, daar is jou reiskoste, verblyf, inskrywingsgelde, etes, sakgeld en natuurlik die koste om jou stokperdjie te beoefen.

Die streek wat die skou aanbied se lede moet dieselfde insette maak as enige ander vertoner, maar daar is nog addisionele insette - die aanbiedig van die skou. Of jou skou in 'n dag opgesit word of 'n week, daar is insette en dit verskil van streek tot streek. Elkeen wat dit al gedoen het, weet hoeveel van jou eie tyd, geld, energie en sweet sit jy in so 'n skou. Dit is normaal as jy gaste ontvang; sit jy iets ekstra in, net so met 'n skou, jy wil hê jou vertoners moet dit geniet, gesellig verkeer, lekker skou en met goeie herinneringe huis toe gaan!! Julle wat agterbly kan na die tyd rustig, nadat alles gebêre is, agteroor gaan sit en sê, **"Dit was lekker" !!!**

Waarom kry jy 'n vertoner wat alles wat ons in 'n paar dae vermag het, ongedaan maak met 'n onnosele daad wat net 'n paar sekondes of minute duur!! Watter plesier kry so 'n persoon daaruit om met iemand se duiwe te peuter of nog erger blatant te steel!! Dit was ons ondervinding met ons streekskou die afgelope tyd. Iemand het met 'n ander vertoner se duiwe gepeuter, van die duiwe se kuiwe uitgetrek, ons het die bewyse, sulke duiwe kan wel beoordeel word, maar staan mos nou geen kans om te wen nie!! My naam vir so 'n persoon is 'n **moegoe**, iemand met geen integriteit of met 'n

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

morele kompas wat skeef is!! So ‘n persoon het geen respek vir sy medemens, vertrap die gasvryheid van die streek en voel niks vir ‘n ander vertoner!! Dink aan die kostes van so ‘n benadeelde vertoner tov vervoer, verblyf, inskrywingsgeld, alles pure verniet. Wat bly vassteek in so ‘n vertoner se kop, dit is in Noordkaap waar my duiwe geteer-en-veer is. Twee jaar gelede het dit in Bloemfontein op die SA’s ook gebeur, daar was die raswenner van ‘n ras se vlerkvere beskadig!!

Met oppaktyd steel ‘n vertoner 2 duiwe van ‘n ander vertoner!! Hierdie was nie per ongeluk nie, dit was aspris. Almal kan foute maak, maar dan kontak jy die streek sodra jy by jou huis is en bewus word van die vreemde duif of duiwe. Dit is ‘n **skelm**, daar is geen mooier woord vir so ‘n persoon nie!! Daar was al meer sulke voorvalle by skoue!!

Hoe stop jy “moegoe-geit” en stelery? ‘n Moegoe en ‘n skelm lyk net soos ek en jy, daar is uiterlik geen verskil nie, innerlik verskil ons hemelsbreed, hierdie verskil kan jy ongelukkig nie sien nie.
Stelery kan jy in ‘n groot mate beperk. Met uithoktyd word GEEN pesoon toegelaat om die saal te verlaat alvorens almal se duiwe gepak is en almal tevrede is nie. Hoe ‘n ongemaklike praktyk dit ook al is, dit is die beste manier!!

“Moegoe-geit” is ‘n ander storie!! Indien enige vertoner oplet dat ander persone, behalwe die beoordelaar, steward of fotograaf by sy duiwe lol, peuter of hanteer, kontak onmiddelik die bestuur van die streek. **GEEN PERSOON, behalwe bg, HET DIE REG OM ANDER VERTONERS SE DUIWE TE HANTEER SONDER DIE EIENAAR SE TOESTEMMING NIE!!!** Dit is jou vrye keuse om al jou hokkies te sluit voor en na beoordeling. Dit mag eienaardig lyk, maar doen dit as jy so voel.

Voordat ons kamera’s, of wagte (die streek se lede) binne die saal oorweeg, kom elke streek doen sy bes om bg te verhoed. Bring dit aan op jou inskrywingsvorm, kondig dit af by jou skou, ek hoop ons kry die euwel uitgeroei.
Weereens, namens Noordkaap, ons verskoning aan die benadeelde vertoners, ons hoop ons gaan in die toekoms weer bymekaar skou!!!


sluit aan by ons...

FANTAIL CLUB
WAAIERSTERTKLUB

Kontak:

Danie
Sel: 072 585 4028

Abraham
Sel: 071 600 1990



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R300 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) Contact Ringmaster**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 2652 |

**Manie Fourie Trophy**

| | |
|---|---|
| 1. Northern Freestate: | 2684 |
| 2. Western Transvaal: | 2540 |
| 3. Northern Cape: | 2171 |
| 4. South Western Districts: | 1370 |
| 5. Eastern Province: | 1238 |
| 6. Western Cape: | 1050 |
| 7. Freestate: | 956 |
| 8. Eastern Region: | 450 |
| 9. KwaZulu-Natal: | 0 |

Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidig;ik vakant

Augustus 2024




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229